

# KOMMUNIKAMMA



## Teks vir die WEEK:

**Psalm 145:18 & 19** “Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep. Aan dié wat Hom dien, gee Hy wat hulle vra, Hy hoor as hulle om hulp roep en red hulle.”

## SAKE vir GEBED:

- \* Peet Viljoen is weer in die hospitaal.
- \* Igni Scheepers se broer wat herstel na 'n groot operasie.
- \* Irma Loots ontvang weer behandeling.
- \* Laura Krause gaan vir 'n knieervanging.
- \* Bid dat die Here, deur sy Heilige Gees, mense se lewens sal nuut maak sodat daar 'n einde sal kom aan xenofobie en geweld teen mense, in besonder vroue en kinders.
- \* Die Here belowe in Sy Woord in Psalm 145:14 dat Hy almal ophelp wat geval het en dié ondersteun wat bedruk is. Bid hierdie vers vir die boere in ons land.
- \* Prys die Here vir die vordering in die bouprojek. Mag Hy elkeen wat daarby betrokke is, versterk.
- \* Bid vir die 11 dames wat binnekort vertrek na Egipte, se laaste voorbereidings. Bid vir onmiddellike eenheid in die span en dat die Here self die pad vir hulle sal gelykmaak.
- \* Bid in die besonder vir al ons matrieks wat steeds besig is met rekordeksamen, sowel as ons ander leerders wat eksamen skryf. Mag die Here hulle harde werk beloon.
- \* Dank die Here vir sy 10 unieke gemeentes in die ring van Algoa waardeur Hy sy lig laat skyn.

Hierdie week se **gebedsverzoek** is vir Christene in Nepal:

- \* Bid saam met gelowiges in Nepal wat vervolging vanaf hulle families en die gemeenskap ervaar. Bid dat hulle sterk sal staan.

# SONDAG 8 SEPTEMBER 2019

08:30 Eietydse diens in saal

09:45 Kategese

10:00 Klassieke diens in saal

Deurdankoffer vir Wêreldsending

18:30 Gesamentlike aanddiens van die ring by Grasvoëlkop. Almal welkom.

Teebeurt vandag: Madeliefie en Protea selle

Teebeurt vlg week: Elizma Harmse en Laura Krause  
Bybelstudiegroepe

---

## MAANDAG 9 SEPTEMBER

12:45 Gebedskild in gebedskamer.

## WOENSDAG 11 SEPTEMBER

18:00 Dagbestuur

## VRYDAG 13 SEPTEMBER

05:00 Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68.

## VERKOPE TEN BATE VAN DIE BOUFONDS

Op **Vrydag 13 September** word daar weer “cheesegriller” rolle (R20) en hamburgers (R25) verkoop ten bate van die boufonds.

Plaas asseblief jul bestelling voor of op eerskomende Woensdag 11 September by die kerkkantoor.  
(Tel 041-3601484 in die oggend).

**Bestellings kan 17:30 afgehaal word by die saal.**

## VERBETERINGE AAN DIE KERKGEBOU

Die proses is steeds aan die gang. Omdat die viniel op die kerkgebou se vloer baie stukkend was, is daar besluit om dit ook te vervang. Ongelukkig gaan dit die proses met so 2 weke vertraag aangesien die viniel nie plaaslik beskikbaar is nie. Ons hoop om net na die einde van hierdie maand terug te trek kerkgebou toe. Dankie vir elkeen se geduld. Bly bid vir die proses.

## KOM DIEN DIE HERE MET JOU GAWES

Ons het mense nodig as kerkraadslede en om te kom help by die diensterreine. Kontak enige dominee indien die Here jou lei om te kom dien met jou gawes.

## ALGOA GEMEENSKAPSKERK BYBELPROJEK

Algoa Gemeenskapskerk het 'n Bybelprojek waar hulle tweedehandse Bybels aan minderbevoorregte mense, kinders by Laerskool Piet Retief en aan die jeug van die gemeente wil uitdeel.

Indien jy Bybels in jou huis het wat jy nie gebruik nie, of 'n donasie wil maak, kan jy dit by die kerkkantoor inhandig.

## **NUWE LIDMATE**

Baie welkom by ons. Vul asb die groen vorm in die voorportaal in en plaas dit in die klein houtkissie by die vorms in die voorportaal. U kan ook die **vorm vir nuwe intrekters** aflaai en dan voltooi. Ons sal u so gou moontlik kontak.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

[kuberkamma@ngkraggakamma.co.za](mailto:kuberkamma@ngkraggakamma.co.za)

Nog inligting oor ons gemeente is beskikbaar op ons webwerf: [www.ngkraggakamma.co.za](http://www.ngkraggakamma.co.za).

## **KERSMARK 8 – 9 NOVEMBER**

Kraggakamma gemeente bied hierdie jaar 'n kersmark aan. Indien jy 'n stalletjie wil hê by die mark, kontak Niekie of die kerkkantoor vir inligting.

Ons is ook op soek na lidmate wat sal help bak, kosmaak en verkoop tydens die kersmark. Kontak die kerkkantoor indien jy wil help.

## **NG KERK SONHEUWELS – DAMESTEE**

Die Vrouediens van NG Gemeente Sonheuwels nooi alle dames van ander gemeentes in Port Elizabeth uit na 'n damestee wat sal plaasvind op Saterdag **5 Oktober 2019 om 10.00** die oggend.

Die tema is: **Wat sê my handsak van myself?**

Gemeentes kan 'n tafel vir 10 persone bespreek teen R700-00, of kaartjies individueel koop teen R70-00. Kaartjies sluit verversings en geskenkies in. Daar sal ook gelukkige trekkings van verskillende items wees. Die oggend sal ook verder ingekleur word deur 'n kort opvoering oor handsakke asook 'n inligtingsessie deur 'n skoonheidsdeskundige. Bring gerus julle handsakke saam!

Vir navrae en besprekings kontak **Martnel van Staden by 081 343 2928**.

## **MTR SMIT'S GOT TALENT COMPETITION**

MTR Smit nooi almal uit na hul jaarlikse talent kompetisie op **13 September** om 17:45 vir 18:00 by MTR Smit se saal.

RSVP voor 11 September @ [hester@mtrsmit.co.za](mailto:hester@mtrsmit.co.za)

**There4-Bedieninge wil vir elkeen dankie sê vir julle harde werk en al die donasies in verskeie vorme wat ons ontvang het vir ons reis na Egipte. Julle is baie kosbaar.**

## **Jy hoef nie 'n boer te wees om te kan plant nie ....**

**As jy eerlikheid plant, sal jy vertrou oes...**

**As jy integriteit plant, sal jy karakter oes...**

**As jy opregtheid plant, sal jy goeie dinge oes...**

**As jy respek plant, sal jy vriende oes...**

**As jy goedheid plant, sal jy tevredenheid oes...**

**As jy vriendelikheid plant, sal jy glimlagte oes...**

**As jy geduld plant, sal jy kalmte oes...**

**As jy goeie dae plant, sal jy hoop oes...**

**As jy dankbaarheid plant, sal jy innerlike geluk oes...**

**As jy nederheid plant, sal jy grootheid oes...**

**As jy volharding plant, sal jy bevrediging oes...**

**As jy oordenking plant, sal jy perspektief oes...**

**As jy sweet plant, sal jy sukses oes...**

**As jy vergifnis plant, sal jy versoening oes...**

**As jy jou hart plant, sal jy liefde oes...**

**As jy geloof, hoop en liefde plant, sal jy die mooi van die lewe oes.**

**Mooi plantdag vir JOU.**



Gebruik SnapScan en betaal jou:  
Dankoffer  
Maandelikse Bydrae  
Donasie, ens..